# Die Derde Gebod – Naamskending

## Wat is in 'n naam?

In die Bybelse tyd was 'n naam nie sommer maar 'n mooi klank nie. Dit was die poort tot iemand se karakter. 'n Goeie voorbeeld is een van die aartsvaders: Eers was sy naam Abram – dit beteken: "Verhewe vader". Toe die HERE horn egter 'n groot nageslag belowe het, verander Hy sy naam na Abraham – dit is: "Vader van 'n menigte" (Genesis 17:5).

So is dit ook met God se Naam. Dit is die openbaring van sy wese: Wie Hy is en wat Hy doen. Sy Naam is sy Persoon. Daarom is sonde teen sy Naam sonde teen Horn self, dit is karakterskending, belediging van sy majesteit en heiligheid.

## Vandag nog?

Dalk dink julle dis vandag nie meer so nie. Ons name van deesdae is tog net mooiklinkende name, sonder betekenis. En tog . . . maak bietjie iemand, of 'n firma, se naam sleg, en hofsake volg! Spel selfs net iemand se naam verkeerd, en kyk wat gebeur! (Die redakteur van 'Sarie' het onlangs in 'n brief aan 'n koerant gekla dat hulle sy naam verkeerd spel.)

## Respek en liefde

Om iemand te noem soos hy/sy graag genoem wil wees, is respek vir die persoon. Om God se Naam reg te gebruik, is respek vir Hom, liefde vir Hom. Die Here se wet is nie 'n klomp moets en moenies nie. Sy wet toets jou liefde vir Horn!

## Die Here se Name

Sy naam is: "EK IS WAT EK IS" (Eksodus 3:14). In Hebreeus: Jahweh. In Afrikaans: HERE (met hoofletters geskryf in die 1933/53 - vertaling). Dit is sy verbondsnaam – dit wys op sy onveranderlikheid en trou. Sy Persoonsname is: Vader, Seun (of Jesus Christus) en Heilige Gees.

Nie een van sy Name is deur 'n mens aan Hom gegee nie. Hý het sy Name aan ons bekend gemaak (lees bv. Eksodus 3:1-15 en Matteus 1:18-25).

## Só het jy Hom nie lief nie

Kruie jy jou woorde met sy Name – ook allerhande verbuigings, soos 'Jis', 'Herre', 'Heerder' ens. – het jy nie vir Hom respek nie.

Bid jy gedagteloos, ontheilig jy Hom.

Praat jy goedkoop en ligsinnig oor Hom, het jy Hom nie lief nie.

Sê jy sommer: "Dis darem warm vandag, ek sweer", spot jy met Hom.

Lê jy openbare belydenis van geloof of sonder om dit te bedoel, speel jy met sy heilige Naam.

## En wat van jou vriende?

Wat help dit jý heilig sy Naam, maar jou maats nie? Dan is jy medeskuldig! (Heidelbergse Kategismus antw. 99). Hier's 'n stukkie praktiese raad: Vra vir jou maat wat Hom so laster: "Bid jy nou of praat jy met my?" En later, waar julle alleen is, kan jy vir hom/haar mooi, met liefde, verduidelik waaroor dit gaan.

## Is dit só ernstig?

Ja! In die Ou Testament het God beveel om lasteraars van sy Naam met klippe dood te gooi! (Levitikus 24:16) In die Nuwe Testament gee Hy Jesus Christus, sy Seun, die hoogste bewys van sy liefde vir jou, en sê: Daar is geen ander naam waardeur ons gered word nie (Handelinge 4:8-12). Sonder Hom – ook as jy Hom laster – sterf jy vir ewig . . .

Johan Botha

© 2013
www.christelikebiblioteek.co.za